

DISSIPELSKAP. LES 42

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYD] NEHEMIA 4, 8, 9 en 10
---	------------------	--------------------------------------

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Nehemia 4, 8, 9 en 10). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute)	[DISSIPELSKAP] DIEN. MARKUS 10:45.
---	--------------------------	---------------------------------------

A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

Lees Markus 10:42-45. “Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: “Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

Skryf die memoriseringsvers soos volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(3)

Dien Markus 10:45
Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.” Markus 10:45

Markus 10:45

1. Die volke word deur hulle eie heersers onderdruk.

Hoe heers die leiers in die wêreld? Jesus sê dat die leiers in die wêreld hulleself as leiers beskou en ook deur die mense gesien word as leiers, maar dat hulle dikwels in God se oë nie regtig leiers is nie. As hulle ware leiers was, sou hulle 'n ander leierskapstyl gehad het.

Die leiers in die wêreld bestee baie energie, tyd en geld om bo aan die leer te kom. En as hulle eenmaal bo is, laat hulle hul mag en gesag geld. Hulle maak seker dat hulle ondergeskiktes voor hulle onderdrukkende heerskappy moet kruip. Dikwels matig hulle hulle gesag aan oor elke faset van ander mense se lewens. Dan skryf hulle vir hulle mense voor wat hulle moet glo, dink, praat en doen. Dan gedra hulle hul soos 'n 'god' en duld niemand bo hulle nie. Of hulle maak aanspraak daarop dat God hulle die gesag en posisie gegee het en dat mense wat aan hulle ongehoorsaam is, eintlik ongehoorsaam aan God is. Dan eien hulle vir hulleself titels soos “profeet”, “apostel” of “biskop” toe om mense te beïndruk. Jesus keur hierdie soort leierskap af!

2. Christene behoort dienaars onder die mense te wees.

Hoe sou Christene moet lei? Jesus het geleer dat christenleiers nie mag lei soos die leiers in die wêreld nie. “By julle moet dit nie so wees nie!” In die wêreld staan leiers bo-aan die gesagsleer en heers met mag en gesag oor mense onder hulle. Maar in die Christelike Kerk staan die leiers aan die onderkant van die omgekeerde driehoek en dien die mense wat aan hulle toevertrou is. Jesus het geleer dat grootheid in die Koninkryk van God gemeet word aan dienswilligheid. Wie 'n christelike leier wil wees, moet almal se dienaar word! Grootheid bestaan uit onselfsugtige gee van jouself in plaas van te vat. Dit gaan daarvoor om mense te ontwikkel in plaas van om mense vir jou eie doeleindes te gebruik.

Die woord “slaaf” kan 'n negatiewe betekenis hê, omdat dit geassosieer word met gebondenheid, onwillige diensbetoon en wrede behandeling. Maar in Markus 10:44 het die woord “slaaf” dieselfde betekenis as die woord “dienaar”.

3. Die voorbeeld van Jesus Christus.

(1) Jesus het gelei deur te dien.

Jesus Christus is die Koning van die konings en die Here van die heersers (Openbaring 19:16) en tog het Hy na die aarde toe gekom, nie om gedien te word nie! Hy het nie gekom om iets te ontvang nie of gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.

(2) Die losprys.

Wat is 'n losprys? 'n losprys is oorspronklik betaal om 'n slaaf vry te koop! Die losprys wat Jesus gebring het, was sy eie lewe. Met sy dood aan die kruis het Hy versoening gedoen vir die sondes van mense. Dit was die enigste plaasvervangende offer wat God aanvaar.

Aan wie word hierdie losprys betaal? Hierdie losprys word nie aan die duiwel betaal, asof mense na regte die duiwel se slawe was en losgekoop moes word nie. Hierdie losprys was 'n soenoffer¹ en is aan God betaal, die Skepper en regmatige Eienaar van die mens. Die soenoffer is gebring om God gunstig te stem, d.w.s. sy regverdige toorn oor die sonde te bevredig² en vrede met God te maak, d.w.s. sy oordeel en straf vir die sonde te verwyder, die skeiding tussen mense en God weg te neem en hulle met God te versoen³. Anders gesê: die één en enigste God (wat Hom in die Bybel openbaar) het in Jesus Christus die menslike natuur aangeneem, sy skepping en die menslike geskiedenis binnegetree en die straf wat die mense vir hulle sondes verdien op Homself geneem.

Ter wille van wie (tot wie se voordeel) is die losprys betaal? Hoewel die soenoffer voldoende was vir al die mense in die wêreldgeskiedenis, vind nie alle mense baat by die soenoffer nie. Die soenoffer is nie effektief vir alle mense in die wêreldgeskiedenis nie. Daarom sê Jesus in Markus 10:45 nie: "'n losprys vir alle" nie, maar: "'n losprys vir baie mense". Daarom sê Jesus in Johannes 10:11, "Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape", wat Hy in vers 14 kwalifiseer met "my skape".

Wie is hierdie "baie mense"? Wie is hierdie "skape"?

- Jesaja 53:8 sê, "Hy is gestraf oor die sonde van my volk".
- Matteus 1:21 sê, "jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."
- Johannes 6:39 sê dat Jesus niemand wat God Hom gegee het verlore sal laat gaan nie.
- Handeling 20:28 sê dat God die Gemeente deur die bloed van sy eie seun verkry het.
- Romeine 8:32-33 sê dat God sy eie Seun nie gespaar het nie, maar vir ons almal oorgegee het – ons wat God se uitverkorene en vrygespreektes (geregverdigdes) is.
- Hoewel die losprys nie vir alle mense in die wêreldgeskiedenis tel nie⁴, werk dit uiteindelik ten goede mee vir "'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale" (Openbaring 7:9)!

4. Diensbetoon in die Bybel.

Vergekyk handleiding 12, supplement 17 vir 'n samevatting oor "dien" in die Bybel.

B. MEMORISERING EN REPITERING

1. Skryf.

Skryf die Bybelvers op 'n kaartjie of op 'n bladsy van 'n notaboekie.

2. Leer.

Leer die Bybelvers op die korrekte manier uit je kop. (3) Dien. Markus 10:45.

3. Repeteer.

Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste gememoriseerde Bybelvers na.

¹ Engels: sacrifice of atonement

² Engels: to propitiate, to appease an offended God

³ Engels: to reconcile

⁴ 1 Johannes 2:2 sê, "Jesus Christus is die versoening vir ons sondes; en nie net vir ons sondes nie, maar ook vir die van die hele wêreld." Sonde is universeel (1 Johannes 1:8,10). Daar is ook 'n universele voorsiening vir sonde – voldoende vir elke mens, maar op voorwaarde dat hy hom bekeer en sy sonde bely (1 Johannes 1:9). "Die hele wêreld" is die gebied van die sondige en verlore mensheid, vervreemd van die lewe van God, blootgestel aan die oordeel van God, en wat 'n Verlosser nodig het (Johannes 3:19). Dit gaan oor die sondige en verlore mense van elke stam, nasie en taal op de aarde, sonder te impliseer dat elke individu in die geskiedenis bedoel word. En daar word ook geen onderskeid gemaak m.b.t. ras of nasionaliteit nie (Johannes 1:29; 3:16; 3:17; 4:42; 6:33,51; 8:12; 9:5; 11:52; 12:32; 1 Johannes 2:2; 4:14-15). Johannes 1:29 sê dat Jesus die Lam van God is wat die sonde die wêreld wegneem. Hier kan "die wêreld" nie slaan op elke mens wat ooit op die aarde geleef het nie, omdat die Bybel nie leer dat alle mense verlos sal word nie. Ook in Johannes 3:16 het dit hierdie betekenis, en sê dat God mense uit elke stam, nasie en taal in die wêreld liefhet sonder te impliseer dat Hy verwyd na alle mense wat ooit geleef het (Psalm 5:4-6; 11:5; Lukas 14:26; Romeine 1:18; 9:13; Jakobus 4:4). Die Bybel leer geen alversoening nie! Daar is mense wat verlore gaan, omdat nie alle mense uitverkies is nie (2 Tessalonisense 2:13-14; 2 Timoteus 1:9) of omdat nie alle mense glo en tot bekering kom nie (Handeling 13:48; Hebreërs 4:2,3,6).

4	BYBELSTUDIE (70 minute) <i>[LEEF IN DIE WÊRELD]</i> GEESTELIKE STRYD IN DIE WÊRELD. EFESIËRS 6:10-20
---	---

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Efesiërs 6:10-20.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> Ons gaan Efesiërs 6:10-20 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
<i>Oorweeg.</i> WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? <i>Skryf neer.</i> Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. <i>Deel.</i> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurt kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

6:12

Ontdekking 1. Die duiwel en sy leër demone is werklik bestaande vyande.

Die duiwel en sy leërmag van demone is 'n werklik bestaande vyandelike mag. Hulle sal elke kunsie uithaal om Christene te laat val en 'n neerlaag toe te dien. Sommige dae is "die dag van onheil" (vers 13), d.w.s. dae waarin die duiwel, sy demone, die vyandige wêreld of die sondige natuur van mense waardeur hy werk 'n aanval sal loods op die Christen.

Die Bybel leer Christene van "die liste van die duiwel" (vers 11). Sy strategie is om die woorde van God in die Bybel uit die gedagtes en die hart van mense te steel, sodat hulle niet glo en gered word nie (Lukas 8:12). Hy is die vader van alle leuens (in mense, in boeke, in die massamedia, in politiek en in godsdiens) (Johannes 8:44). Hy verblind die gedagtes van ongelowiges waardeur hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie (2 Korintiërs 4:3-4). Hij maak dat mense glo dat goeie dinge verkry kan word deur slegte dinge te doen (Lukas 4:6-7). Hy verdraai God se woorde (Genesis 3:1) of haal God se woorde uit hulle verband aan (Lukas 4:6). Hy saai naamchristene en slegte mense tussen opregte Christene in die Gemeente (Kerk) (Matteus 13:37-41). Hy verlei mense tot seksueel immorele dade, veral as hulle geen selfbeheersing het nie (1 Korintiërs 7:5). En hy versprei oral valse leerstellings deur vals profete en leraars (1 Timoteus 4:1-3).

6:11

Ontdekking 2. Die verband tussen God se soewereine genade en menslike verantwoordelikheid.

Enersyds kom die hele geestelike wapenrusting en alle geestelike wapens van God af. God maak hierdie wapens en gee hulle aan sy soldate. M.a.w. die Christen is *volkome afhanklik* van God en sy genade en God se bronne in die geestelike stryd. Andersyds moet die christensoldaat hierdie wapenrusting *sêlf aantrek* en die wapens gebruik om aan te val en hulleself te verdedig. Die Christen is dus *volkome verantwoordelik* om die geestelike stryd met toewyding te stry. Die Christen moet dus nie sy krag in homsêlf soek nie, maar in die Here en in die krag van sy sterkte (vers 10). So wil ek ook staande bly teen die duiwel, sy demone en die slegte menslike magte met wie hulle saamwerk.

STAP 3. VRAAG.	UITLEG
<i>Oorweeg.</i> WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL? Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Efesiërs 6:10-20 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie. <i>Skryf neer.</i> Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek. <i>Deel.</i> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees. <i>Besprek.</i> Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar. Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.	

6:12

Vraag 1. Wat is die geestelike stryd?

Aantekeninge. Die Bybel sê dat ons stryd nie teen mense is nie, maar in werklikheid is teen hemelse vorste, die heersers en maghebbers van die duisternis, teen die bese geeste in die lug. Paulus verwys na die duiwel en sy demone wat saamwerk met, of werk deur die slegte mense en slegte politieke, geregtelike, sosiale en godsdienstige instellings in die

wêreld. “Die lug (letterlik: hemelruim)”⁵ is die blyplek van demone en word voorgestel as die gebied bo die aarde, maar benede die hemel. Hierdie hemelse vorste is gevalle engele (Openbaring 12:7-10). Daarom weerstaan hulle God en probeer sy werk in mense te vernietig. Daarom is hierdie bese magte in die hemelruim dikwels vriendelik teenoor die ander godsdienste wat christene en die Bybel vernietig, maar vyandig teenoor die christelike geloof!

Die geestelike stryd in die christelike geloof is nooit “’n heilige oorlog” wat met wapens, terroriste, komplotte en ontvoerings geveg word nie. Die geestelike stryd in die christelike geloof word alleen met geestelike wapens gestry en in afhanklikheid van die geestelike krag wat God skenk. Ons Christene “leef wel in hierdie wêreld, maar veg nie met die wapens van hierdie wêreld nie. Die wapens waarmee ons optrek vir die stryd is nie in ons eie belang nie, maar is daar om met hulle krag die slegte te verslaan vir God. Ons breek subtiele aanslae en verskansings wat gerig is teen die kennis van God, ons maak elke gedagte krygsgevangenes om dit aan Christus te onderwerp en volledig aan Hom gehoorsaam te maak (2 Korintiërs 10:3-5). Die geestelike stryd beteken om aktief te stry teen die planne en aktiwiteite van bese geeste en hulle werk d.m.v. onheilige mense en onregverdige stelsels! Die doel van die geestelike stryd is om ná die aanvalle enersyds staande te bly en andersyds terreine te oorwin en mense uit hulle kloue te ruk.

6:14

Vraag 2. Wat is die gordel van waarheid om die heupe”?

Aantekeninge. In fisiese oorlogvoering is ‘n gordel om die kort kleed van die Romeinse soldaat gebind om sy arms en bene vry te hou vir aksie. As hy nie besig is om te veg nie, maak hy sy swaard en harnas aan sy gordel vas.

In die geestelike stryd verteenwoordig die gordel *die waarheid, opregtheid en gewilligheid*. Die belangrike vraag vir die Christen is: “Is ek bereid (gewillig) om die geestelike stryd te stry?” Die waarheid as gordel simboliseer die motivering en bereidwilligheid van die christensoldaat om te stry. Opregtheid is ‘n magtige wapen, want ‘n opregte persoon sal ongetwyfeld baie meer invloed hê as ‘n skynheilige (wat net voorgee dat hy wil veg)! In Rigters 7:3 draai tweederdes van die leër om en gaan terug huis toe, omdat hierdie manne nie reg gemotiveer was vir die stryd nie! Maar Gideon en sy driehonderd gemotiveerde manne verslaan daardie nag ‘n baie groot teenstander.

6:14

Vraag 3. Wat is die borsharnas van geregtigheid?

Aantekeninge. In fisiese oorlogvoering beskerm die borsharnas die liggaam van die Romeinse soldaat van sy nek af tot by sy dye. Dit het bestaan uit twee dele: één wat die bors, en die ander wat die rug bedek het. Goliat het ‘n swaar bronsharnas met skubbe gedra en koning Saul ‘n gewone borsharnas (1 Samuel 17:5,38). So word die hart en longe beskerm.

In die geestelike stryd verteenwoordig die borsharnas *die morele en geestelike geregtigheid*. Dit is hier nie die geregtigheid van Christus wat aan die Christen geskenk is as sy geestelike posisie nie, maar eerder die moreel regverdige en heilige lewe wat die Christen daagliks moet utoeleef. Die belangrike vraag vir die Christen is: “Is ek in staat om die geestelike stryd te stry? Die geregtigheid as borsharnas simboliseer die morele en geestelike lewe van geregtigheid wat noodsaaklik is om effektief te veg en die oorwinning te behaal. Sonder ‘n morele en geestelike lewe (gedrag) het die Christen geen sekerheid van verlossing nie, geen verdediging teen die aanklagte van die duivel nie en geen oortuiging of krag in sy gebede nie! “Die gebed van ‘n gelowige het ‘n kragtige uitwerking” (Jakobus 5:6)! Sonder ‘n morele en geestelike lewe wat bestaan uit reinheid, selfbeheersing, opregte liefde en die spreek van die waarheid sal die soldaat nie effektief kan veg nie. “Die wapens van ons stryd is ... van God wat vestings kan vernietig” (2 Korintiërs 10:4-5). Lewe soos God wil maak die soldaat sterk in hierdie stryd.

6:15

Vraag 4. Wat verteenwoordig die skoene aan die voete?

Aantekeninge. In fisiese oorlogvoering het die Romeinse soldaat sandale gedra wat beslaan is met ysterspykers om die slytasie teen te werk op die lang trektogte op die harde Romeinse paaie. Die soldaat was in staat om baie lang marse te kon aflê. Die leërs van Julius Caesar het telkens weer hulle vyande verras met hulle lang marse wat hulle so gou kon aflê.

In die geestelike stryd verteenwoordig die skoene *voorbereiding en volkome gereedheid vir die geestelike stryd*. Hierdie gereedheid kom alleen deur die evangelie van vrede wat heelheid aan alle vorige gebrokenheid bring en die regte verhouding, enersyds tussen die Christen en God, en andersyds met die ander soldate, tot stand bring. Die belangrike vraag vir die Christen is: “Is ek goed voorberei en gereed om elke oomblik my beste te lewer in die geestelike stryd?” Die skoene simboliseer die volledige voorbereiding, gereedheid en vermoë van die Christen soldaat om onmiddellik op te tree. Die ryk man, bv., was gladnie voorberei of gereed om dieselfde nag nog te sterf nie (Lukas 12:13-21). En die slegte bestuurder, wat sy tyd deurgebring het met partytjies, was geheel en al onvoorbereid toe sy baas skielik terugkeer (Matteus 24:45-51).

⁵ Grieks: epouranios

6:16

Vraag 5. Wat is die skild van die geloof wat die brandpyle kan blus?

Aantekeninge. In fisiese oorlogvoering het die Romeinse soldaat 'n ovaal skild, gemaak van leer, ongeveer 120x75 cm groot. Hy gebruik dit om sy hart, longe, oë en ander belangrike liggaamsdele te beskerm teen die brandende pyle wat die vyand op hom afvuur. Hierdie pyle is in pik gedoop en aan die brand gesteeke voordat hulle afgevuur is. Die skild vang die skerp punt op en blus die vlamme.

In die geestelike stryd verteenwoordig die brandende pyle *verskillende vorme van aanvalle* van die vyande. Hulle pylkokers is gevul met pyle wat kwets, beseer, verdruk en vervolg. Sommige pyle is ontwerp om twyfel, vrees en angste saai, of jaloesie, haat en seksuele begeertes, ens. op te wek in die denke en hart van die Christen. Ander pyle is ontwerp om onkruid tussen die graan te saai, d.w.s. om naamchristene, wat 'n slegte invloed het, tussen opregte Christene in die Gemeente te plant ten einde allerhande soorte van ellende in die Gemeente te bring (Matteus 13:25,38). En soms is die tonge van mense soos dodelike pyle wat die waarheid, vertroue en goeie reputasie onder Christene vernietig deur skinderstories en kwaadpraterij. "Hulle tong is 'n dodelike pyl, dit lieg en bedrieg. Hulle praat met mekaar asof niks verkeerd is nie, maar in hulle binneste beplan hulle mekaar se ondergang" (Jeremia 9:8).

In die geestelike stryd verteenwoordig die skild *die geloof van die Christen*. Dit staan vir die subjektiewe geloof wat in aksie kom eerder as die objektiewe geloof in die christelike leer. Dit is die geloof wat God se Woord en veral sy beloftes as waar aanneem en met dit as basis van vertroue handel. Geloof is tegelyk 'n wapen wat verdedig en aanval. Die belangrike vraag vir die Christen is: "Glo ek werklik in God se Woord en die beloftes om enersyds myself te verdedig teen die aanvalle van die vyande en om andersyds terreine vir die Koninkryk van God te verower?" Die skild van die geloof is enersyds die vermoë om jouself te verdedig (verweer) teen byvoorbeeld twyfel en vrees en andersyds die vermoë om die gebied van die duisternis aan te val en oorwinnings te behaal. Byvoorbeeld, toe die dogtertjie van Jairus gesterf het, het Jesus hulle vermaan om nie bang te word nie, maar te glo dat Hy mag het oor dood en lewe (Lukas 8:49-50). Die geloof is die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal (1 Johannes 5:4). Deur aktiewe geloof oorwin die Christen sonde in sy eie lewe, die verleidings in die wêreld en die aanvalle van die demoniese magte.

6:17

Vraag 6. Wat is die helm van verlossing?

Aantekeninge. In fisiese oorlogvoering het die Romeinse soldaat 'n helm van yster, brons of leer gedra om sy kop te beskerm.

In die geestelike stryd is die helm *die verlossing of die hoop op redding* (1 Tessalonisense 5:8). Die Christen het nou in die teenwoordige tyd, maar ook in die ewigheid, 'n behoefte aan sekerheid van redding midde in die stryd. Sonder hoop en sonder sekerheid kan 'n Christen baie maklik die verlange om die stryd te stry, opgee. Die sekerheid dat God Sêlf vir hom sal stry/veg (Eksodus 14:14), dat God by hom sal wees as hy deur water en vuur moet gaan (Jesaja 43:2; Eksodus 14:26-29; Daniël 3:24-27) en dat God hom steeds weer sal red uit vervolginge en lyding (2 Timoteus 3:11) maak die christensoldaat sterk, moedig en laat hom volhard in die stryd. Die seker verwagting dat God die goeie werk wat Hy in die Christen begin het, sal voltooi op die dag van Christus Jesus (Filippense 1:6; Filippense 2:12-13) maak dat die christensoldaat volhard tot die einde toe. Geloof maak 'n Christen tot "'n voleindiger'" (Johannes 17:4; Handelingen 20:24; Kolossenzen 4:17)!

"Verlossing" is nie alleen 'n verdedigingswapen nie, maar ook 'n aanvalswapen. In Psalm 40:1-3 sing koning Dawid "'n lied van verlossing'" nadat God hom gered het van wegsink in al sy probleme en moeilikhede. "Hy het my 'n nuwe lied in die mond gelê, 'n loflied vir ons God. Baie sal daarvan hoor en Hom die eer toebring, hulle sal op die Here vertrou" (Psalm 40:4). Ook die verkondiging van "die goeie nuus" aan andere (Jesaja 52:7) en die aanskouing van die feit dat God se Woord nie onverrigter sake terugkeer nie, maar dat dit doen wat God wil hê en tot stand bring waarvoor Hy dit gestuur het (Jesaja 55:11), is een van die beste verdedigingswapens in die wêreld. Die belangrike vraag vir die Christen is: Beskerm ek my denke en gedagtes teen die aanvalle van die duiwel sodat ek nie twyfel of ekself gered is nie, dat ek seker is dat Hy my telkens verlos uit hierdie aanvalle en dat ek vas glo en verwag dat Hy my gebruik vir die verlossing van ander mense? Die helm van verlossing is die vermoë van die Christen om sy denke en gevoel te beskerm teen die aanvalle van vyande en veral teen twyfel oor sy verlossing temidde van die stryd.

6:17

Vraag 7. Wat is die swaard van die Gees?

Aantekeninge. In fisiese oorlogvoering het die Romeinse soldaat 'n kort swaard aan sy gordel gedra as 'n wapen vir verdediging en aanval. Die swaard het menige oorwinnings aan Rome besorg.

In die geestelike stryd is die swaard *die Woord van God*. Hier word nie die hele geskrewe Bybel bedoel nie, maar wel die spesifieke woorde uit die Bybel wat in spesifieke omstandighede uitgespreek word⁶. Solank die verkondiging van

⁶ Grieks: nie "logos"nie, maar "réma"

God se woorde in ooreenstemming is met die openbaring van God in die hele Bybel, is die verkondiging “die swaard van die Gees”. Dan sal die Heilige Gees die woorde van die Bybel gebruik om die sonde en dwaling van mense te ontmasker, hulle te oortuig van skuld, skaamte oor hulle te bring, hulle argumente teen die waarheid te weerlê, hulle te oortuig van God se waarheid, hulle twyfel en vrees te verdryf, die duiwel te verjaag en die pad wat die Christen moet volg uit te lig. Die belangrike vraag vir die Christen is, “Maak ek gebruik van die woorde van God in die geestelike stryd?” Die swaard van die Gees is die vermoë van die Christensoldaat om leuens te ontmasker en te weerlê en mense te oortuig van die waarheid. Byvoorbeeld: Toe Jesus deur die duiwel versoek is, het Hy driemaal spesifieke woorde uit die Ou Testament aangehaal om die leuens van die duiwel te weerlê (Matteus 4:1-11). Hy gebruik spesifieke woorde in die Bybel om die vrae van mense te beantwoord (Lukas 10:25-28). En Hy gebruik spesifieke woorde uit die Bybel om mense te onderrig oor die Koninkryk van God (Matteus 21:42-44).

6:18-20

Vraag 8. Waarom is gebed 'n onderdeel van die geestelike stryd?

Aantekeninge. Vers 18 word wel nie met ‘n onderdeel van die wapenrusting in verband gebring, maar hoort wel by die geestelike stryd. Die eerste taak van die apostels van Jesus Christus was die verkondiging van die Woord en gebed (Handelinge 6:4). Ook die Christen moet die spesifieke woorde uit die Bybel in sy lewe gebruik en “by elke geleentheid” bid of voorbidding doen (sien Spreuke 3:5-6).

“Bid in die Gees “ (AOV) beteken: “Smeek God by elke geleentheid deur die Gees - d.w.s. bid in ooreenstemming met die wil van die Heilige Gees soos Hy dit in die Bybel geopenbaar het en bly afhanklik van sy hulp. Die Christensoldaat bid allerlei gebede: hy stort (die nood van) sy hart uit, hy roep om hulp, hy vra wysheid, hy doen voorbidding vir andere en dank God vir die antwoorde wat hy ontvang. Hy bly let daarop om nie te verslap in gebed nie. Hy bid voortdurend vir “alle heiliges”, d.w.s. alle Christene wat God op sy pad bring, dat God se soewereine heerskappy, wil en heerlikheid steeds meer sigbaar word in hulle lewens. Die belangrike vraag vir die Christen is, bid ek onophoudelik?”

(1 Tessalonisense 5:17). Gebed in die Gees is die vermoë van die Christen om direk kontak met God te onderhou. Deur gebed verander God ons moeilikhede in sy moontlikhede!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam ‘n dinkskrum en maak ‘n kort lysie van moontlike toepassings uit Efesiërs 6:10-20.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy ‘n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel ‘n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik ‘n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg ‘n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Efesiërs 6:10-20.

- 6:10. Moenie in jou eie krag probeer optree nie. Moenie net met jou verstand probeer planne maak nie. Moenie die geestelike stryd met jou eie kragte en vermoëns stry nie.
- 6:11. Moenie in die geestelike stryd betrokke raak sonder jou wapenrusting of nét met ‘n déél van die wapenrusting. Trek die volle wapenrusting van God aan”!
- 6:11. As Christen moet jy leer om te *sit* en te *loop* en te *staan*. Jy sit in jou geestelike posisie van geregtigheid wat Jesus Christus aan jou toegeskryf het (Efesiërs 2:6). Jy loop met die waardigheid wat by jou roeping pas (Efesiërs 4:1) en jy bly vas staan in die geestelike stryd (Efesiërs 6:11).
- 6:12. Hou rekening met die feit dat jou teenstander nie alleen mense is nie, maar demone wat deur nie-Christene en nie-christelike instellings kan werk.
- 6:13. ‘n Christen is geen terroris wat die wêreldse wapens gebruik om sy duiwelse plan uit te voer nie, ‘n Christensoldaat trek *die volle* wapenrusting van God aan, wat bestaan uit geestelike wapens. Alleen só kan hy staande bly as die vyand aanval.
- 6:14. Moenie beluit om van die geestelike stryd af weg te vlug nie, maar met opregte bereidheid die geestelike stryd aan te gaan.
- 6:14. Neem ‘n definitiewe besluit om ‘n moreel en geestelik regverdige lewe te lei, sodat jy in staat kan bly om geestelik stryd te voer.
- 6:15. Besluit om die boodskap wat vrede bring en volkome heel maak, ook self aan te neem en bereid te wees om dit met andere te deel.
- 6:16. Neem ‘n definitiewe besluit om nie passief toe te kyk nie, maar aktief die brandpyle van die vyand op te vang met geloof in God se beloftes dat Hy beskerm en oorwinning oor die vyand sal gee.
- 6:17. Sorg dat jou eie denke gereinig is van leuens, twyfel en vrees voordat jy jou blootstel aan die vyand in die stryd. Vul jou denke en emosies met die sekerheid dat jy ‘n kind van God is en met die spesifieke woorde van die Bybel.

- 6:17. Besluit om nie maar net verdedigend besig te wees nie, maar om met die swaard van God se woorde toe te tree tot die aanval. Moenie die vyand toelaat om jou in 'n hoek vas te keer waar jy net moet verdedig nie, maar val aan met die swaard van God se woord wat in die diepste dele in die menslike gees kan indring (Hebreërs 4:12).
- 6:18. Bid steeds in ooreenstemming met die openbaring van God se Gees in die Bybel sodat jy voortdurend weet waarom jy betrokke geraak het in die geestelike stryd; bly afhanklik van God. Laat toe dat God die geestelike teenslae omsit in geestelike moontlikhede!

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Efesiërs 6:10-20.

Ek maak die gordel van waarheid om my middel vas. Ek wil ophou weghardloop van moeilike situasies en is nou bereid om betrokke te raak by die geestelike stryd net soos Gideon met sy klein bende dit gedoen het.

Ek verbind my daartoe om toegewyd alle pyle van twyfel, vrees, jaloesie en vooroordeel, ydelheid en slegte begeertes met die skild van geloof in God se beloftes te vang. Deur aktief te glo wil ek die duiwel en sy listige planne weerstaan.

STAP 5. BID. **REAKSIE**
MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Efesiërs 6:10-20.
 (Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> BID VIR ANDERE
---	------------------	---

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende geleentheid uit of laat die groep dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor die geestelike stryd met iemand anders of met 'n klein groepie.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit Ester 2, 3, 4, en 5. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers- of gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge,.
3. Bybelstudie. Berei die volgende bybelstudie tuis. (4) Efesiërs 6:10-20. Tema: Die geestelike stryd in die wêreld. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en hierdie opdrag.